LUG U MENING

Oproep om openbare voorleggings en kommentaar

Die Gekose Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye om skriftelike voorleggings oor die Wysigingswetsontwerp op Algemene Wette (Bekamping van Geldwassery en Finansiering van Terrorisme) [B 15B – 2026] in te dien

Die Wysigingswetsontwerp op Algemene Wette (Bekamping van Geldwassery en Finansiering van Terrorisme) [B 15B – 2026] het ten doel om die volgende wette te wysig:

- die Wet op Beslote Korporasies, 1984
- die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997
- die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001
- die Maatskappywet, 2008; en
- die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, 2017

Die wetsontwerp het ten doel om die land se stelsel vir die bekamping van geldwassery en die finansiering van terrorisme (BGW/BFVT) te versterk deur die oorblywende tekortkominge te takel wat in die FATF se Wedersydse Evalueringsverslag van 2021 oor Suid-Afrika geïdentifiseer is, asook tydens die regstellingsproses wat daartoe gelei het dat Suid-Afrika in Oktober 2025 van die FATF-gryslys verwyder is.

Openbare verhore oor die Wysigingswetsontwerp op Algemene Wette (Bekamping van Geldwassery en Finansiering van Terrorisme) [B 15B – 2026] sal op Woensdag, 02 Desember 2026 gehou word.

Voorleggings moet teen nie later nie as 12:00 op Maandag, 30 November 2026 ontvang word.

Diegene wat tydens die openbare verhore op Woensdag, 02 Desember 2026 voorleggings wil doen, moet dit uitdruklik versoek.

Die verhore sal via Zoom plaasvind.

Voorleggings moet aan die komiteesekretaris, mnr Nkululeko Mangweni, gerig word by nmangwen@parliament.gov.za

Uitgereik deur agb me S Ndhlovu, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Finansies (Nasionale Raad van Provinsies).